# Excelsior Wyne en Brandewyne

Aan EXCELSIOR Wyne is toegeken drie Silwer bekers en verskeie Eerste Pryse op die jaarlikse Westelike Provinsie se Wynskou.

PRYSLYS:

| | Per Bottel in Kissies van 12 Bottels | Per Gelling in 5 Gel. Vaatjies |
|---|---|---|
| **WYNSOORTE:** | | |
| Spesiaal (Soet) | 2/6 | 11/- |
| Wit Jeripigo | 1/9 | 8/6 |
| Rooi Jeripigo | 1/9 | 8/6 |
| Malmsey | 1/9 | 8/6 |
| Wit Soet Muskadel | 1/8 | 8/- |
| Rooi Soet Muskadel | 1/8 | 8/- |
| Soet Port | 1/8 | 8/- |
| Port | 1/7 | 7/6 |
| Pontak | 1/7 | 7/6 |
| Worcester Hock | 1/7 | 7/6 |
| Spesiale Sjerrie | 1/7 | 7/6 |
| Sjerrie | 1/6 | 7/- |
| Ou Bruin Sjerrie | 2/3 | — |
| **BRANDEWYN:** | | |
| Eureka | 8/6 | — |
| A 1 | 8/- | — |
| Boegoe | 7/6 | — |
| **LIKEURS:** | | |
| Kersie | 6/6 | — |
| Van der Hum | 6/6 | — |
| Creme de Menthe (Peperment) | 7/6 | — |
| Anys | 6/6 | — |
| **JENEWER** | 7/6 | — |
| **JENEWER-LIKEURS:** | | |
| Lemoen | 7/6 | — |
| Suurlemoen | 7/6 | — |
| „COCKTAIL" | 4/- | — |
| **MOSKONFYT** | 1/6 | 6/6 per gell. in 4-gell. blikke |

GELIEWE DAAROP TE LET: — Bestellings word opgemaak van enige verskeidenheid wyn, brandewyn en likeurs, mits dit 'n kissie van 12 bottels is. Moskonfyt word egter net in 12 bottel en 4-gelling hoeveelhede voorsien.

Bestellings word slegs uitgevoer KONTANT MET BESTELLING of KONTANT BY AFLEWERING plus K.B.A.-koste, vry op spoor Vlakteplaats-Stasie. KONTANT PLUS SPOORVRAG moet bestellings vergesel wat op Bushaltes of Haltes afgelaai word, andersins sal bestellings na naaste Stasie versend word.

Die volgende deposito's moet bestellings vergesel nl. 20/- per vaatjie, 5/- per blik en 5/- per kissie met bottels. Gemelde bedrae word vergoed sodra leë inhouers terug ontvang word, spoorvrag betaald na Vlakteplaats-stasie.

**WANNEER LEË INHOUERS TERUGGESTUUR WORD, MOET ETIKETTE NIE VERWYDER WORD NIE. DUPLIKAAT-VRAGBRIEWE VAN AFSENDING MOET OOK AAN ONS GESTUUR WORD.**

Bestel van
EXCELSIOR WYNMAKERY,
(Eien. John Schoeman)
Posbus 1. Foon 902. Telegr.: EXCELSIOR.
VLAKTEPLAATS-STASIE, K.P.


*Ondersteun Ons Adverteerders!*

# Vrou se Taak in Hierdie Tyd

## Oproep i.s. O.B.-Dag

„Ons moet dit besef dat ons deel is van ons volk. As deel van die volk het elke mens deel aan die voorspoed, nie alleen nie, maar ook aan die rampspoed van sy volk." Hierdie treffende gedagte uitgespreek deur ons groot Volks- en Kerkvader, ds. J. D. Kestell, word so deeglik deur die Ossewabrandwag besef dat vertoë weer tot almal wat ons Vaderland lief het, gerig was om saam teen die rampspoed wat dreig 'n stryd te voer.


**Tot getuie het die Ossewabrandwag vir altyd die opskrif: „Dr. Van Rensburg soek toenadering" in 'n plaaslike nie-vriendelikgesinde blad.** Niks kon die offisiere en brandwagte meer besiel het as hierdie erkenning nie. Dit beskaam ons nie, dit strek ons tot eer. **Trouens is dit die ideaal wat die vroue in die O.B. aanmekaarbind: dat sy werk om haar volk diepverskeurd, uitmekaargejaag, weer bymekaar te bring.**

Nou besef ons deste sterker dat geen offer te groot of arbeid te vermoeiend is om te gee aan so 'n Beweging wat smaad en hoon trotseer in sy poging om eenheid te verkry teen die gevare wat die lewe van die Afrikanerdom en die voortbestaan van die blanke beskawing bedreig nie. Dit is nie alleen diens aan ons volk nie maar ook die redding van ons Vaderland; **en dit is die vrou se bydrae tot die stryd vir verwesenliking van hierdie ideaal dat sy haar spaartyd en volle kragte sal gee vir die insameling van fondse vir Ossewabrandwagdag, 8 Augustus 1945, vir hierdie Beweging wat alles in sy vermoë doen om Afrikanerharte saam te snoer en Afrikanerkragte saam in diens van die Afrikanervolk te stel.**


A.V.B.O.B
Lykbesorgers, Grafsteenmakers,
Begrafnisversekeraars
BLOEMFONTEIN — PRETORIA
130 Takke


# K.G. Oor Twee Europese Leiers

**Die K.G., dr. J. F. J. van Rensburg, het onderstaande verklaring oor die dood van Hitler en Mussolini uitgereik:**



**HITLER:**

**Die wêreldoorlog, ongeag wat sy oorsprong was, het geword 'n stryd om lewe en dood teen die Bolsjewisme. Europa dreig om verswelg te word en die orige wêreld het min hoop om gespaar te bly. In hierdie land verdwyn alle ander geskille voor daardie gevaar. Adolf Hitler het gestaan aan die spits van daardie afweerstryd. Aan die spits het hy gesneuwel. Dit is die eervolste dood wat vir 'n held bestem kan word. Temidde van die luide gejubel van sy haatverblinde vyande eer ons in hierdie gees sy nagedagtenis.**

**BENITO MUSSOLINI:**

**Die K.G. skryf as volg: „Waar die ou Romeinse heidendom die welvoeglike spreuk had ‚de mortuis nihil nisi bonum', d.w.s. van die dode praat mens niks tensy dit iets goeds is, het die pers en andere wat vandag kwansuis vir die Christendom veg, hierdie ‚ridders van die kruis', niks as haat en gal nie vir die vermoorde Duce, die grootste Italianer van sy tyd. En luidens persberigte het die bloeddronke kommunistiese gespuis nog sy lyk geskend en aan die voete opgehang.**

**„'n Voorsmaak van die veelgeprese diktatuur van die proletariaat — 'n klomp skreeuende hiënas om 'n dooie leeu".**

(Vervolg van kol. 2, bl. 1)

wette en gebaseer op geweld; 'n Jim Fish-Republiek met die amalaita-bendes as skoktroepe. „Wat hierdie vooruitsigte vir Suid-Afrika sal beteken kan maklik afgelei word van die gebeurtenisse o.a. in Italië waar die grootste Italiaan van sy tyd, Benito Mussolini, op beesagtige wyse soos 'n hond doodgeskiet is en in die strate laat lê is vir die bespotting van die gepeupel wat soos hiënas om sy lyk rondgedans het," het die K.G. voortgegaan. Die Ossewabrandwag erken 'n groot man hetsy vriend of vyand. Toe president Roosevelt oorlede is, het die hele wêreld daaroor getreur en ons in die Ossewabrandwag het daar niks op teë nie, want ons erken 'n groot man. Maar ons vind dit walglik wanneer die moord van 'n groot man van 'n ander volk opgevolg word deur onsmaaklike artikels in koerante wat daardie man tien jaar vantevore as 'n voorbeeld voorgehou het."

## BESKERMHEER

En as ons vra wie in Suid-Afrika die kommunisme sal afweer, dan sal geantwoord word: die Departement van Justisie met sy polisie natuurlik. **„Maar juis die Minister van Justisie is 'n amptelike beskermheer van die vriende van die Sowjet-Unie en die Departement wat die eerste afweerbolwerk behoort te wees, moet hul bevele neem van 'n beskermheilige van die Sowjet se vriende."**

„Ek sien in die pers dat hierdie minister vertel dat hy ons gaan demp. Die Ossewabrandwag wil hy glo ná die oorlog met wortel en tak uitroei," het die K.G. verklaar. „Ek wil hom vooraf sê, hy kan ons nie bang maak nie. Hoogstens kan hy ons kwaad maak. Maar ons verstaan waarom hy die O.B. met onderdrukking bedreig. **Die O.B. staan in die pad van die kommunisme in Suid-Afrika soos geen ander organisasie nie en die minister is amptelike beskermheer van die vriende van die Sowjets. Die feite is duidelik en ons verstaan hulle."**

Die K.G. het voorts verwys na minister Colin Steyn se verklaring in die Parlement dat die tronke vol jong Afrikaners sou wees en die implikasie dat die Ossewabrandwag hulle daar beland het, en het in antwoord beklemtoon dat die Ossewabrandwag alleen hierdie jong Afrikaners links en regs voor die howe verdedig het waar die Minister die moed kon bymekaar skraap om hulle voor howe te daag. Origens het alleen die O.B. hulle afhanklikes versorg toe sowel die Regering as ander organisasies skouerophalend verbygestap het.

## GEWELD

Die K.G. het verder daarop gewys dat terwyl die vorige wêreldoorlog 800 tot 1000 slagoffers in Suid-Afrika geëis het, die huidige oorlog onder parallelle omstandighede slegs drie gesneuweldes geëis het waarvan die skieters bekend is **en aldrie is geskiet deur die Minister se C.I.D. Hy verwys na S.J.-konstabel Steyn, Hendrik Erasmus en Johannes van der Walt. „As dit na gewelddadige of rampspoedige leiding lyk, dan is dit aan die Regering se kant en nie aan ons s'n nie,"** het die K.G. gesê.

**Voortgaande het hy verwys na die feit dat die O.B. tot 31 Maart 1941 oor tienduisende Spoorwegmanne beskik het, en nie een enkele trein met of sonder 'n minister daarin is in ses jaar oorlog kwaadwilliglik ontspoor nie.**

Die K.G. het weereens verwys na die beskuldigings van sabotasie en het na aanleiding hiervan verklaar dat dit byna deurgaans die reaksie was op die Regering se interneringsbeleid.

„Nou praat hierdie minister van die O.B. na die oorlog te onderdruk. **Ek kan hom hier sê en nou dat hy nie by magte is om die O.B. te onderdruk nie. Nie na die oorlog en ook nie nou nie".**


Ten slotte het spr. daarop gewys dat die groeikrag van die O.B. hom onder die minderbevoorregte gedeelte van ons volk openbaar. **In die komende maande en jare van krisis en gevaar is die deur ses jaar gestaalde Ossewabrandwag onontbeerlik vir ons volk.**

Gebiedsgeneraal Louis Bootha het ook die woord gevoer, waarna die vergadering afgesluit is met Die Stem, en 'n vol saal Afrikanerwerkers het huiswaarts gekeer.—(Korr.)


VERLANG U NA
Blakende Gesondheid
Sterk Senuwees
'n Mooi Liggaamsbou
en
REUSEKRAG?

JOHAN HEFER
sal
u opbou van 'n swakkeling tot 'n stoere man
met
SPIERE SOOS YSTER
en
SENUWEES VAN STAAL
Dit maak nie saak hoe sieklik of swak u is nie. JOHAN HEFER se beroemde metodes sal u gesond en sterk maak.

JOHAN HEFER
Bus 3494 KAAPSTAD



JOHAN HEFER

Stuur my asseblief, sonder verpligting, volle besonderhede omtrent u kursus.
Naam ........................................
Adres ........................................
........................................

# 'n Nuwe Situasie Het Ontstaan

Die Kommandant-generaal, dr. J. F. J. van Rensburg, doen onderstaande verklaring in verband met die einde van die oorlog:

Brandwagte, Kamerade!

Ses jaar se verbysterende stryd in Europa vind sy einde en oorsee steier die wêreld die rewolusionêre chaos tegemoet. Hoe mens voorheen oor die oorlog gedink het, vir of teen, is vandag minder belangrik. Ons was daarteen, andere was daarvoor. Maar almal gaan deur hom getref word. Die oorlog trek verby en sy naweë sak neer oor die aarde; sy naweë en strome van vlugtelinge uit alle lande.

Elke Brandwag sien een feit as vanselfsprekend. Die poorte van Europa en van die wêreld staan nou wydoop vir kommunisme. En ook in Suid-Afrika verbleek alle onderlinge geskille voor hierdie lewensgevaar — 'n gevaar soos ons volk in sy geskiedenis nog nie geken het nie.

'n Tweede feit is vir almal kennelik, naamlik, dat die ou wêreld, die jare van broedertwis en demokratiese geknoei en knikker, in sy stuiptrekkings lê. Trouens, die ramp wat die wêreld getref het, is juis die vrugte van hierdie geknoei en knikker. Nuwe en veel brutalere tye lê voor. Openlik is aan die volkere verkondig dat Mag voortaan Reg beteken. Vier state, waaronder die Asiatiese Sjina en Rusland, sal voortaan die reg hê omdat hul die mag het — en andere en swakkere volkere kan sien kom klaar. En die een met die meeste mag het ook die meeste reg — Rusland.

Die wêreld van voor 4 September 1939, die wêreld van „demokrasie", is iets van die verlede. Die wêreld wat voorlê, gaan in die rigting van die partylose Gesagstaat, die Volkstaat, — of anders die kommunisme, wat teer op demokratiese broedertwis.

Vir die volgende maande en jare kry ons tye van onrus, gevaar, onbestendigheid. In sulke tye het ons volk nie net ywer nodig nie, maar ook nugtere oordeel. Warm harte, maar koel koppe. Ons volk het mans en vrouens nodig wat trou staan en nooit die Afrikanerstryd gewonne gaan gee nie. M.a.w. die Afrikanerdom het elkeen van u — die hele Ossewabrandwag — nodig, meer as ooit tevore.

'n Nuwe situasie ontstaan, dwarsoor die wêreld, ook in Suid-Afrika. Die O.B. sal daardie situasie in ons land koel en realisties moet nader. Maar altyd in die gees van sy eed „Ek sal my mede-Afrikaner nie aan die vyand of vreemdeling uitlewer nie".

Lank lewe die Ossewabrandwag!

# Nasionale en Sosiale Idee Binne Partylose Staat Moontlik

**Die Adjunk-K.G., genl. J. A. Smith, skryf as volg:**

**Adolf Hitler, die man wat soveel gedoen het om sy volk uit die puinhoop van die Eerste Wêreldoorlog op te hef, is van die aardse toneel van 'n verrotte Europa verdwyn. Hy het egter aan die wêreld die begrip van die organiese volkstaat, van een vir almal en almal vir een, nagelaat. So is ook Mussolini, eens die redder van sy volk, uit die rookdamp van 'n selfverwoestende partyskap binne sy nasie geslinger.**

Wat of die tekortkominge ookal mag gewees het, hierdie twee manne het 'n wêreldhervorming, die herskepping van die sosiale, ekonomiese en staatkundige lewensvorme, en 'n hernuwing van lewenswaardes ingelui. Dat albei as manne in die uur van hul doodsworsteling teen 'n onheilige verbond van kommunisme en kapitalisme moes ondergaan, is, behalwe oormag, ook te wyte aan die gebrek wat nog aan hul staatsvorm gekleef het — die eenparty-beginsel in plaas van 'n geen-party-stelsel. Die party-beginsel wasdom nog nie volkome uitgesluit nie en het in die uur van grootste beproewing gelei tot ontrou en verraad wat die stryd teen die vyand van buite bemoeilik het. Alleen die volkstaat, partyloos georganiseerd met inskakeling van alle nuttige volkskragte in die staatsmasjien, bied 'n veilige grondslag vir die uitlewing en toepassing van die nasionale en sosiale gedagte wat Hitler onsterflik aan die mensdom nagelaat het, al het sy bestuursvorm doodgeloop. Dit is die partylose staat wat die Ossewabrandwag vir die volk nastrewe. Geen party kan die organiese volk vervang sonder dit op te brokkel nie.

Hitler is dood, Mussolini is dood. Duitsland as 'n staat is platgetrap. Italië is verwoes. Maar die demokasie het homself teen die rots van die nasionale en sosiale lewensbeskouing te pletter geloop. Die nasionale en sosiale gedagte — die nuwe wêreldorde, wat tegelyk ook christelik en nasionaal is, se wortels is deur die bloed van sulke hervormers, twee wêreld-groot figure, benat tot groter wasdom, tot uiteindelike redding van 'n andersins verloregaande christendom. Uit die smarte van 'n Europese mensdom, opnuut deur 'n goddelose Bolsjewisme geteister, sal die ware christelike nasionalisme — die christelik-nasionale volksorg verrys!

Die Ossewabrandwag gaan met vaster oortuiging die toekoms tegemoet. Hy gaan groter hoogtes bereik. Stelsels op partyskap gebaseer, word een na die ander vernietig, gaan almal vernietig word, vernietig hulself. Oor sal alleen bly die leer van die organiese volk en volkstaat.

## EUROPA WORD BOLSJEWISTIES

Die gevaar van kommunisme neem elke uur in Europa toe. Toe genl. Smuts 'n tyd gelede in Londen gewaarsku het dat die Russiese kolos die hele Europa gaan oorheers en dat die westerse moondhede 'n blok met die kleinere volke in Wes-Europa moet vorm om die ewewig te bewaar, het daar nog die vooruitsig bestaan dat so 'n blok gevorm kan word, met lande wat nog buite die kloue van die kolos gestaan het. Sedertdien het hierdie hoop totaal verdwyn. Stalin het met een na die ander van hierdie lande heengestap hetsy deur verowering of onderhandeling.

### FRANKRYK


Die grootste van die lande, naamlik Frankryk, het 'n bondgenootskap met Moskou gaan sluit en sy rug op die westerse moondhede gedraai. Tans word berig dat dit nie net by 'n verdrag gebly het nie, maar dat die volk van Frankryk self ook kommunisties word. Die onlangse munisipale verkiesing het geopenbaar dat die kommuniste geweldig veld gewen het en vandag die sterkste enkele mag in Frankryk is. Saam met ander kommunisties - getinte organisasies het die kommunistiese partye met die grootste deel van die setels heengegaan. Selfs Reuter erken dat Frankryk „links geswaai het". Frankryk is dus vir genl. Smuts se westerse blok verlore.

### DIE ANDER OOK


Maar nie net Frankryk nie. Intussen het Stalin, wat die hele Pole verower het, 'n verdrag gesluit met die kommunistiese Poolse komitee wat aan bewind van Pole staan, maar nie deur die Angelsaksers erken word nie. Ook die kommunistiese leier van Joego-Slawië het 'n verdrag gesluit met Moskou, asook Tsjeggo-Slowakye se vlugteling-staatshoof. Inmiddels het die Bolsjewiste Oostenryk verower en daar ook 'n kommunistiesgesinde komitee aangestel as regering sonder erkenning deur die ander Geallieerdes.

Europa val in die skoot van die Russiese diktator wie se lewensideaal dit is om die hele wêreld deur 'n rooi revolusie in te palm.

Om opgestopte meubels skoon te maak: Maak 'n baie ryk seepoplossing en smeer dit met 'n borsel aan. Verwyder met 'n sagte doek wat baie goed uitgedroog is. Moenie die materiaal meer as klam laat word nie en maak 'n klein gedeelte op 'n slag skoon sodat dit nie onegaal skoon word nie.

NEEM TOE IN POPULARITEIT



IN 'N VERANDERENDE WÊRELD

Kommando

-SIGARETTE

ROND OF OVAAL

WAARDE VIR GELD

R.H. 2274

ONS JASSE, BAADJIE- EN JUMPER-PAKKE IS VAN BEROEMDE SNYERS

*U SAL DIE SNIT EN STYLE WAARDEER*

Steyns

*DIE DAMESWINKEL*

PAROW

MARKAGENTSKAP

VROEË MÔRE-MARK

KAAPSTAD

BETALING GESKIED ONMIDDELLIK, WEEKLIKS, MAANDELIKS OF SOOS VERLANG.

BESTE HEERSENDE PRYSE.

*MINNAAR & VAN SCHOOR*

Eienaar: GUSTAV RETIEF.

Telefoon 2-0212.


# Vergadering te Kaapstad

## Dr. J. F. J. van Rensburg

Kommandant-generaal van die Ossewabrandwag, spreek 'n openbare vergadering toe in die

## HOFMEYR-SAAL

op

## *Woensdagaand, 23 Mei 1945,*

## om 7.45

ALLE VRIENDE EN BELANGSTELLENDES IS WELKOM!

DIE O.B., WOENSDAG, 9 MEI 1945.

# In Die Uur van Sy Dood Oorwin

GEWIGVOLLE gebeurtenisse het mekaar in die afgelope week in verbasende snelheid opgevolg. Dit is in hierdie stadium van voortrolling nie moontlik om te sê waar dit gaan eindig nie. Maar wat wel duidelik geword het is dat Duitsland in sy stryd teen ses kontinente militêr verslaan is. Die twee manne wat vir meer as twintig jaar die damwal tussen die kommunistiese barbaredom van die Ooste en die beskawing van die Weste gevorm het, het van die toneel verdwyn. **Die een se heldedood as 'n voortdurende inspirasie vir die wêreld van die toekoms, die ander se ontering deur 'n kommunistiese gespuis as 'n ewige onderstreping van die noodsaaklikheid van sy stryd.**

Die kapitalistiese oorlogshitsers het nie gejuig by die aankondiging van die dood van hierdie manne wat hulle tot hul oorlogsdoel gemaak het nie. Inteendeel meld die Londense Times dat daar 'n „snaakse afwesigheid" van vreugde-tonele was by die aanhoor van Hitler se dood. **En heeltemal begryplik ook, want in die daeraad van hul oorwinning beleef die demokratiese lande ook reeds die aandskemering van die vrede. 'n Nuwe oorlog doem nie net voor hulle op nie, maar het hom reeds aangekondig. Dit is reeds daar — die logiese botsing tussen wat oorgebly het van die Westerse kultuur en die vernielsug van die bolsjewistiese wêrelddiktatuur.**

## ONVOORWAARDELIK?

Die vraag is net, gaan Amerika en Engeland hierdie stryd aandurf terwyl hulle nog iets van Europa kan red, d.w.s. onmiddellik, of gaan hulle onvoorwaardelik aan Moskou kapituleer — wat hulle van Duitsland verwag het — nog voordat hulle 'n skoot geskiet het? In hierdie keuse lê opgesluit die bestaan of ondergang van Europa — Engeland inkluis. **Kapitulasie aan Moskou bring die alleenheerskappy van Stalin oor die twee kontinente Europa en Asië, waarteenoor Amerika tot 'n eiland gaan verdwerg en sy afsonderlike voortbestaan slegs sal vind in die geslaagde afweer van die Kremlin se vyfde-kolonnes op sy eie bodem. En dieselfde geld vir Afrika en die res van die Britse Ryk.**

**Hierdie afweer teen die kommunisme kan hulle alleen geslaagd volbring wanneer hulle dit beveg met die enigste politieke idee wat die geskiedenis bewys het by magte is om die rooi revolusie onder te bring — die idee wat Adolf Hitler aan die wêreld gegee het, die idee van volksosialisme as staande teenoor internasionale klassestryd van die kommunistiese proletariaat.**

## NA SES JAAR AANVAAR

Na ses jaar van verwoestende oorlog teen die idee van Adolf Hitler beleef ons dus die ironie dat die demokratiese lande uit louter selfbehoud hul toevlug sal moet neem tot die idee van Adolf Hitler. **In sy glorieryke verdwyning voor die aanstormende rooi hordes, met medewerking van die Westerse lande, het Adolf Hitler ook die wêreldwye aanvaarding van sy idee moontlik en noodsaaklik gemaak — aangepas by elkeen se aard en omstandighede.**

En daarmee is ook die magtige taak van die Ossewabrandwag afgebaken in die onmiddellike toekoms. Ook die demokrate in ons land wat nog vermeen dat hulle teen nasionale sosialisme veg, sal binne enkele maande na die Ossewabrandwag stroom uit loutere selfbehoud. **Die verloop van die oorlog het die roeping van die Ossewabrandwag soveel groter en daarmee ook soveel gunstiger gemaak. Waar sy aanbiedinge tot samewerking in die uur van demokratiese hoogty met minagting en spot verwerp is, daar sal sy krag in die uur van demokratiese verbystering eerlang onvoorwaardelik gesoek word. Meer as ooit staan die Ossewabrandwag brandwag oor die stukkie beskawing in Afrika.**

# IS DIE AAP UIT DIE MOU?

Sersant-majoor Isacowitz, die leier van die kommunistiese Springbok-Legioen, het onlangs in Johannesburg voor die Nuwe Sionistiese Organisasie opgetree. Hy het gesê: „Hierdie oorlog het nie die Joodse vraagstuk opgelos nie". Hy het aan sy Joodse toehoorders voorts verklaar: „Die Springbok-Legioen tel 60,000 lede — 70 persent waarvan Afrikaanssprekend is — **wat almal verbind is om rassehaat en anti-demokratiese bewegings te beveg".**

● Waarom sou die leier van die Springbok-Legioen dan aan sy mede-Jode gaan vertel dat hy in sy organisasie 60,000 soldate en oud-soldate het wat nie rassehaters mag wees nie, m.a.w. nie anti-Joods is nie?

● Wat het die Joodse N.S.O. dan met die Springbok-Legioen te doen?

● Is die Jode dan bang vir 'n anti-Joodse gevoel onder die soldate en die terugkerende soldate, en waarom?

● **Is die Springbok-Legioen, onder sy leier Isacowitz, dan vir die Jode 'n waarborg dat die soldate en hul moontlike anti-Joodse gevoelens in toom gehou sal word, in plaas van 'n waarborg vir oud-soldate se belange?**

● Moet die Springbok-Legioen dan nie juis die gevoel van soldate en oud-soldate mobiliseer teen uitbuiting en kapitalisme nie?

# Twee Volksleiers en Wêreldfigure Heengegaan

(Deur Prof. J. A. Wiid)

Ongeveer 'n week gelede is uit Italië berig dat Mussolini en ander fascistiese leiers deur anti-fascistiese Italiane tereggestel is, nadat hulle deur 'n sogenaamde volkshof verhoor is. Hulle is in die rug geskiet om 'n eerlose dood te simboliseer en volgens latere berigte sou veral die lyk van Mussolini gruwelik geskend wees.

Enige dae later is deur die Duitse radio aangekondig dat die Duitse leier Adolf Hitler in die stryd teen die Bolsjewistiese oormag op sy kommandopos in die Rykskanselary in Berlyn gesneuwel het.

Met die natuurlike dood van Roosevelt enige weke gelede en die jongste onnatuurlike heengaan van Hitler en Mussolini, het die geteisterde wêreld nie alleen 'n paar groot leiers verloor nie, wie se name nie lank gelede op die lippe van baie miljoene bewonderaars en vyande was nie, maar ook wêreldfigure wat aan die wêreldgeskiedenis inhoud en kleur gegee het.

## „VANDAG HOSANNA, MORE KRUIS HOM" OF ANDERSOM

Oor die historiese betekenis van Hitler en Mussolini word vandag erg verskillend geoordeel. Dit is vanselfsprekend dat dit so moet wees. Nie alleen is dit menslike oordeel deur die verskriklike ellende van 'n wêreldoorlog en deur die gal van die propaganda so erg benewel en vergiftig dat 'n nugtere en gesonde oordeel haas onmoontlik is nie, maar die geskiedenis leer ook dat werklik uitstaande en geniale historiese persoonlikhede selde of nooit deur hul tydgenote waarlik begryp word nie. Dit is veral die geval waar die wêreld-historiese werk van dergelike persoonlikhede 'n nasionalistiese karakter dra.

Dit is dan ook vandag interessant om die skeldtaal teen 'n Mussolini en 'n Hitler te vergelyk met die skeldtaal wat die tydgenote en vyande van manne soos 'n Frederik die Grote, 'n Napoleon I of 'n Abraham Lincoln gebruik het. Die ooreenkoms is aangrypend en sal miskien nog aangrypender word as die grenslose verguising eendag oorslaan in grenslose verering. Vandag hosanna, more kruis hom, kan ook maklik verander word in vandag kruis hom, more hosanna!

## ALBEI PRODUKTE VAN EERSTE WERELDOORLOG

Hitler en Mussolini kan alleen begryp en waardeer word as hulle in hul juiste historiese perspektief gesien word. Albei is produkte van die eerste wêreldoorlog en van die na-oorlogse chaos wat in Italië en Duitsland gedreig het. Sonder aardse rykdomme, sonder 'n bevoorregte maatskaplike status, sonder boekgeleerdheid of 'n spesiale opleiding het hierdie twee geniale manne van die daad 'n „nuwe orde" ontwerp en ook in die praktyk uitgevoer. Hulle het nie alleen daarin geslaag om die chaos wat in Italië en Duitsland as gevolg van die oorlog en die vrede van Versailles gedreig het, onmoontlik te maak nie, maar hulle het ook geweldige opbouende werk tot stand gebring. Mussolini en Hitler is werklik die stigters van 'n „nuwe orde" op maatskaplike, ekonomiese en staatkundige gebied. Dat hulle stelsels in 'n wêreldoorlog ondergegaan het, is 'n toevalligheid wat met hul stelsels as sodanig niks te doen het nie.

Die heroïese stryd van die Nasionaal-Sosialistiese Duitsland teen die oormag van die wêreld, is bewys genoeg dat daar in die „nuwe orde" genoeg steek wat die Duitsers kon inspireer en dit vir hulle moontlik gemaak het om te presteer soos hulle presteer het. En al was die militêre rol van die fascistiese Italië in die huidige oorlog seer seker nie heroïes nie, moet daar tog onthou word dat die Italië van Mussolini 'n hoogtepunt bereik het wat hy sedert die klassieke Romeine nog nie bereik het nie.

Die juiste waardering van Hitler en Mussolini se prestasies as nasionale leiers en wêreldfigure sal alleen in die verre toekoms moontlik wees. Dat hulle hul lande uit die chaos van die eerste wêreldoorlog gered het en hierdie lande tot skitterende hoogtes gevoer het, tenspyte van 'n legio van natuurlike en kunsmatige hindernisse, is 'n prestasie waarvan 'n onnatuurlike dood en 'n verpletterende militêre nederlaag hulle nie kan beroof nie.

Daardie aartsvyand van die Duitsers, lord Vansittart, het volkome gelyk as hy van 'n Hitler-legende praat. Daar is dan ook niks wat hierdie Hitler-legende kan doodmaak nie.

# Henri Slegtkamp

Genl. Henri Slegtkamp, tesame met Jack Hindon en De Roos, een van die drie onvergeetlikes van Spioenkop waar Boerehelde by die honderde in die bresse gespring het, het op 19 April sy verjaardag herdenk.

Die O.B., en veral die O.B.-jeug, bring aan hul Kameraad hulde, en ons wens hom nog baie jare van gesondheid en volksdiens toe.

En, Generaal, ons sien uit na die tweede druk van die boek „Slegtkamp van Spioenkop" — dit besiel die Afrikaner-geledere!

## GEWILDE OFFISIER OORLEDE

Die kommando van Jamestown het 'n sware verlies gely met die heengaan, na 'n lang siekbed, van die alombeminde kommandant Frans Venter wat op 8 April onder blyke van buitengewone groot belangstelling deur ds. J. D. Vorster ter ruste gelê is. Komdt. Venter was een van die gewildste inwoners van die omgewing en het 'n leidende rol gespeel in alle Afrikaanse ondernemings. Hy was o.a. ook stigter en direkteur van die graan-koöperasie.

**Loxton-Kommando's**

—o—

## UITNODIGING

—o—

Die Loxton-Kommando's trek op **24 MEI 1945** saam op die Plaas **ROOIKOP**, van Veldkt. A. C. Jooste, om die dag gesellig deur te bring.

—o—

Allerlei Sport.

**AAND:**

Volkspele met 'n Boere-orkes.

—o—

Alle O.B.-lede van omliggende kommando's, en alle Afrikanervriende word hartlik uitgenooi. Bring net kos en eetgereedskap saam.

Komdt. M. SCHOLTZ.

# Geallieerde Pers 'n Toonbeeld Van Ongeregtigheid

## VERWR NGE VREDE IN WORDING

Die tonele van haat en eiegeregtigheid wat hulle by die nadering van die vrede in Europa afspeel, openbaar 'n geestelike bankrotskap wat die mensdom met huiwering vervul vir die toekoms. Onderwyl die Geallieerde nuusdiens 'n veldtog van wraaksug aanvuur na aanleiding van sekere Duitse interneringskampe wat dan nie aan die reëls van menslikheid sou beantwoord nie, en op grond waarvan die Duitse volk tot in lengte van dae tot slawerny verdoem moet word, publiseer dieselfde pers met die grootste smaak en opmaak die afgryslikste berigte van onmenslikheid deur hul eie bondgenote gepleeg teenoor selfs 'n staatsman wat Churchill voor die oorlog geprys het as 'n redder van die beskawing in Europa. **Van Mussolini het Churchill gesê dat hy Europa van die bolsjewisme gered het en dat hyself 'n ondersteuner van Mussolini sou gewees het indien hy 'n Italianer was. En die Cape Times erken in 'n hoofartikel na die dood van Mussolini dat hierdie man geen geweldenaar was nie, maar groot dienste aan sy land bewys het. Sy misdaad was slegs dat hy deel gehad het aan die oorlog — eintlik bedoel die blad dat hy teen die Geallieerdes in die oorlog was, want Badoglio wat ook oorlog verklaar het, maar aan Geallieerde kant, word verskoon!** Nogtans publiseer die Geallieerde koerante, wat die hande in afsku opsteek oor wat in Duitse kampe sou gebeur het, met genoegdoening en volle onderskrywing die walglike teregstelling van Mussolini deur 'n bende kommuniste. Daar word haarfyn beskryf onder groot opskrif hoe die tierende massa baklei het om Mussolini se lyk te kan vermink en bespuug. **Daarmee vind hierdie ridders van westerse beskawing niks verkeerd nie. Inteendeel hulle sluit hierdie afgryslike berig af met die woorde: „Hierdie optrede word as heeltemal gewettig beskou aangesien die Geallieerdes die patriotte as die enigste regering in daardie deel van bevryde Italië erken!"**

SELFS VERHEUGD


En 'n agterryer soos Die Suiderstem verklaar selfs in 'n hoofartikel dat dit goed en gaaf is dat Mussolini so aan sy einde gekom het, want kyk, dit neem 'n groot verantwoordelikheid van die skouers van die Geallieerde regerings af! Waarom kla hierdie blad dan nog oor Russiese politieke gevangenes wat in Duitse kampe omgekom het? **Veral waar die Russiese regering nou al die Geallieerde regerings verwyt dat hy sy onderdane wat hy bevry, nie terugstuur nie maar ontvoer? Die beweerde Duitse optrede het dan mos die westerse lande van 'n nog groter verantwoordelikheid verlos as die bende kommuniste wat Mussolini onteer het?**

Geallieerde blaaie wat vandag ook portrette van Jode plaas wat aan telegraafpale opgehang sou geword het as weerwraak vir aanslae op Duitse leiers, plaas sonder afkeuring portrette van jong Franse wat aan pale vasgemaak en deur kommuniste vermoor word omdat hulle die bevele van die Pétain-regering uitgevoer het — **die enigste wettige regering wat Frankryk in daardie dae gehad het, want selfs 'n De Gaulle is jare later deur die Geallieerdes nog nie as Franse hoof erken nie. Nogtans onderskryf hierdie koerante die teregstellings van Franse wat bevele van hul enigste regering uitgevoer het.**

**Wat moet 'n mens in sulke omstandighede verwag van 'n vrede waarvan die grondslag gelê moet word deur sulke verwronge geeste?** Is dit dan verbasend dat selfs in ons land die oorwinnaars by monde van 'n Colin Steyn aan die demokratiese wêreld sonder skaamte uitbasuin dat hulle nie sal huiwer om hul politieke teenstanders ook in vredestyd met noodwette te bestry nie? **Waarvoor is die oorlog dan gevoer? Dan nie vir menslike waardes nie? Is die miljoene lewens wat aan die demokratiese oorlogsgod geoffer is, dan 'n kolossale selfbespotting?**

In die moreskemering van hul oorwinning openbaar die huigelagtige demokrasieë die leegheid van hul oorlogsdoel en die bankrotskap van hul politiek. **Die vrede wat hulle aanbied hou vir die mensdom slegs anargie in met geweld en onderdrukking in hul eie belang as die enigste maatstaf van geregtigheid.**

# Politieke Slagoffers van 'n artybewind



**Hoofkommandant J. H. Muller van Springs.**

**Op 17 Aug. 1942 in hegtenis geneem en te Koffiefontein geïnterneer. Op 7 Sept. 1943 losgelaat.**

**„Ek sal my mede-Afrikaner nie in die steek laat nie en hom nie aan die vyand uitlewer nie".**

## BOEREJEUG SE WELKOM AAN HOOFKWARTIER

Jeug-asst.-veldkt. G. M. van Rooy skryf:

Namens Veldkornetskap JE8a2 van Potchefstroom, roep ek die Boerejeug-hoofkwartier toe: Hartlik welkom in ons midde. Ons weet en besef dat op ons nou 'n nog groter taak rus as in die verlede, want dit is ons wat die hoofkwartier se naam sal moet hooghou deur ons optrede. Ons is bereid om dié taak te dra, en ons gaan dit uitvoer. Aan die hoofkwartierstaf: Ons bied u steeds ons hulp waar moontlik. Hartlik welkom.

Heil die Boerejeug!


# Ons Eie Pers!

## *Dit kom en u kan u deel bydra*

deur aandele te neem in

# Pers-Beleggingskorporasie Beperk

(Geregistreer kragtens die Wet op Maatskappy, nr. 46 van 1926, soos gewysig)

*U GAAN SO SEGGENSKAP EN WAARDE VIR U GELD KRY.*

*Direkteure:* Dr. J. F. J. van Rensburg, mnr. J. A. Smith, dr. F. D. du T. van Zyl, prof. L. J. du Plessis, dr. P. J. Meyer, mnr. R. L. Barry, dr. P. J. Botma, mnr. C. L. de Jager en dr. W. A. Joubert.

NOMINALE KAPITAAL .. .. .. .. £125,000

verdeel in 500,000 gewone aandele van 5/- elk.

AANSOEKE WORD NOU INGEWAG VIR 400,000 GEWONE AANDELE VAN 5/- ELK TEEN PARI.

Vir die uitreiking waarvan die toestemming van Tesourie verkry is.

*Die minste getal aandele waarom aansoek gedoen kan word is 20.*

Die Direkteure is nie verplig om die volle getal of enigeen van die aandele waarom aansoek gedoen word toe te ken nie en behou die reg voor om enige aansoek ten dele of in die geheel af te wys sonder opgaaf van redes.

*BETALING VAN AANDELE:—*

Aandele is betaalbaar òf ten volle by aansoek òf in die volgende paaiemente: 10% (d.w.s. 6d.) per aandeel by aansoek, 30% (d.w.s. 1/6) per aandeel drie maandeliks na toekenning, totdat die aandeel volopbetaal is.

*DOELEINDES VAN DIE MAATSKAPPY:—*

Die Maatskappy is opgerig onder andere om sake te doen in verband met die intellektuele, sedelike en estetiese beïnvloeding en vorming van die menslike gees en beskouings, die verryking van die menslike kennis en die verskaffing van inligting, nuus en ander wetenswaardighede, en alles wat in verband daarmee staan; om korporasies, maatskappye, inrigtings, verenigings of sake vir hierdie doel op te rig, te laat oprig, voort te sit, of om enige bestaande handels- of nywerheidsonderneming of skema in hierdie verband te steun, oor te neem, of uit te voer, en op te tree as finansiers, oprigters van maatskappye, veral in verband met die pers-, drukkers- en uitgewerswese, soos uiteengesit in die Akte van Oprigting.

*Die 15 oprigters het reeds hul vertroue in die saak bewys deur 16700 aandele te neem.*

*DIT IS DIE GELEENTHEID WAAROP U LANKAL WAG.*

Die *Prospektus* van Pers-Beleggingskorporasie Beperk is by die Registrateur van Maatskappye geregistreer.

*Skryf om 'n afskrif van die prospektus en aansoekvorms aan:*

*DIE SEKRETARIS,*

**PERSBELEGGINGSKORPORASIE BEPERK,**

GROOTE KERKGEBOU 701,

**POSBUS 1411,**

**KAAPSTAD.**

Inligting kan ook van alle Gebiedskantore van die Ossewabrandwag verkry word.

BOLAND BOTTELSTOOR
HOOFSTRAAT 73
PAARL
Foon 984

Pas Verskyn

- VERLOWING EN HUWELIK deur Ds. D. F. Erasmus 4/9 pv.
- MENSE WAT DRINK deur A. S. Roux en Prof. dr. W. A. Willemse 8/- pv.
- DIE HOEK SE NUWE HOOF deur I. M. Friedenthal 8/- pv.
- MOORD VOLGENS PLAN deur J. van Elders 4/6 pv.
- DRIE VERMISTE BEENTJIES deur R. Hendriks 1/2 pv.
- KRONKELPAAIE deur *Paula* 1/2 pv.
- MOORD IN DIE PASTORIE deur Agatha Christie 7/- pv.

PRO ECCLESIA-BOEKHANDEL
Bus 29, STELLENBOSCH

# Afsluiting van Oorlog Bring Geen Oorwinning vir Parlementarisme

## VYANDE ERKEN MAG VAN NUWE

**Op die oomblik wanneer dit lyk of die demokrasieë hul finale oorwinning behaal het oor die nuwe sosiale en nasionale gedagte — wat hulle geriefshalwe verkies het om „fascisme" te noem — word oral stemme gehoor oor die vraag of die oorlog nou werklik daarin geslaag het om fascisme te vernietig. .Meer as een erken onomwonde dat die gevaar vir die demokrasie nie in die minste uitgeskakel is deur die verloop van die oorlog nie, maar inteendeel toegeneem het.**

Die Jode wat in hierdie oorlog 'n afwering gesien het van 'n sosialistiese bedreiging vir hul kapitalistiese uitbuiting, bekla dit nou al dat die anti-Joodse vraagstuk nie in die minste deur die oorlog opgelos is nie. Hulle bemerk selfs, volgens een spreker, 'n feller Joodse haat in Engelse kringe as by Afrikaners. Die Joodse leier van die Springbok-legioen, 'n organisasie wat voorgee om die belange van oud-soldate te behartig, erken rondborstig aan sy Joodse toehoorders dat die oorlog nie daarin geslaag het om die Jode van vervolging te red nie. Vandaar sy pogings in die oud-soldate-organisasie om anti-Joodse gevoelens uit te roei.

### ALLES TEVERGEEFS

Maar die man wat blykbaar die sterkste oortuig is in ons land van die tevergeefsheid van die sesjarige oorlog in belang van die demokrasie en kapitalisme is dr. Colin Steyn, Minister van Justisie. Hy het op 'n paar geleenthede in die jongste tyd geen moeite gedoen om sy vrees vir die nuwe gedagte in die na-oorlogse tydperk te verberg nie. Hy erken dat die nuwe beweging bedrywig is, en dat sy kanse op oorwinning baie goed moet wees. Daarom dreig die Minister om sy toevlug te neem tot diktatoriale middele om homself te handhaaf. **„Hoewel die regering verkies om demokratiese maatreëls toe te pas indien MOONTLIK, sal hy ander middele gebruik indien NODIG", het dr. Steyn gedreig. Hierin erken hy dat die moontlikheid so sterk is dat demokratiese teenmaatreëls die opkomende sosiale en nasionale gedagte nie sal stuit nie, dat hy by voorbaat al moet aankondig dat die demokratiese Suid-Afrika waarvoor 7,000 soldate hul lewens opgeoffer het, omskep gaan word in 'n party-diktatuur.**

### „SO SEKER SOOS DIE SON"

In die pro-oorlogse blad Die Volk, skryf Margaret Mackenzie, uit Arbeidersparty-geledere, o.a. as volg in 'n artikel waarin sy waarsku teen die toename van „fascisme" na die oorlog:

„Een ding weet ek en dit is dat ons baie onaangename maatskaplike veranderings gaan kry tensy ons seker maak dat daar 'n basiese ekonomiese verandering gaan plaasvind; dat die bietjie demokrasie wat ons nog besit, padgee uit Suid-Afrika **wat vaskleef aan 'n ortodokse kapitalisties-ekonomiese metode, al is die oorwinning van die militêre magte van die demokrasie in Europa en in die Ooste nou ookal hoe seker; en dat fascisme op die kapitalistiese verrotting in hierdie land sal volg so seker as wat die son more-oggend sal opkom".**

Ook Die Suiderstem verklaar in 'n hoofartikel dat die gevaar van „nazisme" nog nie beëindig is nie. Daar sal nog hard daarteen geveg moet word in die vredestyd.

**En die Londense Times erken: „Die liberalisme en laat-maar-loopbeleid van die 19de eeu is onherroepelik verby".**

Van 'n meer simpatieke kant word hierdie mening ook onderskryf. So skryf die buitelandse medewerker van Koers, dr. D. W. Krüger, in die jongste uitgawe as volg in 'n oorsig waarin hy die oorwinning van die Angelsaksiese lande as 'n feit aanvaar:

### PARLEMENTARISME BANKROT

„Intussen is dit seker dat met die militêr-politieke nederlaag van Duitsland die wese van die nasionaal-sosialisme daarmee nog nie uitgedelg is nie. **Inteendeel, die tekens vermenigvuldig dat in die bevryde gebiede heelwat van die dinge wat die Duitse veroweraar eenmaal daar gevestig het, gekom het om te bly.** Sekere kardinale beginsels het geblyk ook in lande buite Duitsland lewensvatbaar te wees en selfs die Westerse moondhede aanvaar heelwat daarvan.... **Die ou liberale parlementarisme, met sy kenmerkende en noodsaaklike partystryd, het sy bankrotskap deur hierdie oorlog doeltreffend geïllustreer, en die suksesse wat die Angelsaksers tot sover kon boekstaaf, is sekerlik veel eerder aan hulle gebruikmaking van Hitleristiese metodes te danke. In die toekomstige botsing met die Sowjets sal dit seker veel meer nog die geval wees".**

Die dreigement van dr. Steyn dat hy ook ander as demokratiese middels teen die Ossewabrandwag sal aanwend, onderskryf die voorspelling van dr. Krüger.

Die parlementêre demokrasie se dae is verby. **Maar 'n kapitalistiese partydiktatuur is nog afskuweliker as die kapitalistiese demokrasie. Daarom sal die volk sy toevlug neem na die enigste gesonde stelsel: die van die nuwe nasionale en sosiale gedagte van die Ossewabrandwag, wat die hele volk as werkende gemeenskap wil inskakel tot samewerking.**

## GENERAALSKAP WEN NOODHULP-BEKER

Die Smook-beker, vir Noodhulpfondsinsamelings, is gewen deur Generaalskap E5 onder leiding van genl. J. G. A. du Toit.

Wyle veldkt. Smook het die beker beskikbaar gestel vir mededinging tussen die vyf Randse Generaalskappe. Dit wissel elke ses maande.

## OUDTSHOORN

Vryheidsdag is 3 Maart op die plaas van hoofgenl. Jurgens Schoeman gehou. Die opkoms was goed, en die samewerking baie hartlik.

Met die funksie is die mooi bedrag van £43-14-3 bymekaar gebring, wat saam met die Noodhulpfondsbussie by Volkskas (£11-9-3) die totaal op £55-3-6 te staan bring.—(Ingestuur.)

(Vervolg van bl. 7, kol. 3)

Hierdie nuwe beginsel en nuwe gees kan nou alleen in die volkslewe ingedra word deur die enkeling en die beroepe, die vakunies en die werkgewersverenigings, in te skakel in die volksverband, deur die individuele roepingsvervulling te laat reguleer deur die organisering van elke beroep tot selfbestuur en deur die beroepe se sosiale taak te laat konsolideer deur die verteenwoordiging van die beroepe in die staatsbestuur.

### VOLKSBEWEGING VEREIS

Dit vereis dat die staat gedra word deur die sosiale organisering van die beroepe en die nasionale vereniging van die volk. Dit vereis die sosiale en nasionale volksbeweging vir politieke, selfverwesenliking van die volk in eie wese en in internasionale verband. **En deur hierdie insig verskil die Ossewabrandwag van die nasionaal-sosialistiese of fascistiese groepe in ons land. Die Ossewabrandwag alleen besef eintlik hoe die sosialisme genasionaliseer moet word.**


**Deur daardie insig verval die grondslag van kapitalistiese uitbuiting, van demokratiese partyverbrokkeling, van parlementêre rompslomp, van verdeelde beheer en regeringsmagteloosheid sonder gevaar vir kommunisme of bolsjewisme of diktatuur en daardeur alleen!**

Afgesien van moeilike omstandighede het ons groot voorrade wat ons instaat stel om die kieskeurigste man te voorsien van 'n netjiese pak klere.

VAN ZYLS
DIE KLEREMAKERS
DIE PAARL

*Alombekend vir hul opregte en billike behandeling*
*Skryf om maatvorms.*

BAIE HANDE
maak LIGTE WERK!



Die dag wanneer u 'n SANLAM-Polis uitneem staan u nie meer alleen nie. Van daardie oomblik af staan meer as 100,000 SANLAM-Polishouers by u — 'n kragtige „koöperasie" van sorggenote, wie se saamgesnoerde inspanning en bydrae waarborg dat *U* spaarplanne uitgevoer sal word, al is u dan eendag self nie meer daar nie.

*Koop vir u die REG op hulle medewerking—
*deur 'n SANLAM-polis*

SANLAM
SUID-AFRIKAANSE NASIONALE LEWENS ASSURANSIE MPY., BPK.
— TAKKE DWARSDEUR DIE UNIE —
HOOFKANTOOR WAALSTRAAT 28, KAAPSTAD

7268-6

# Nuwe Beginsel Onderskei O.B. Van Politieke Partye

## GRONDSLAE VAN VOLKSWELVAART

**Die ekonomiese stelsel wat tot nog toe geheers het vanaf die begin van die 19e eeu, en wat nou besig is om oral in die revolusie van die 20e eeu onder te gaan, is bekend as die kapitalisme.**

**Dit is saam met die parlementêre demokrasie 'n kind van die liberalisme en loop uit in kommunisme. Sy beginsel is vryheid en gelykheid sonder om rekening te hou met die verskille wat in die natuur en geskiedenis vasgelê is, en daarom lei dit tot onderdrukking, uitbuiting en verwarring.**

Vryheid het dit geëis vir die enkele persoon om na eie insig te woeker met die vermoëns waaroor elkeen in eie belang beskikking kon verkry.

Maar omdat vryheid nie ten volle vergun kan word sonder om oor te gaan tot onderlinge vernietiging nie, is daar ook gelykheid geëis vir die enkele persone onder mekaar.

Hierdie gelykheid moes verseker word deurdat almal deur dieselfde

— — — — — — — — — — — —

Deur
Prof. L. J. DU PLESSIS

— — — — — — — — — — — —

howe eners beskerm sou word en almal in dieselfde parlementêre regering gelyke stem sou hê, en verder gelyke geleenthede so ver moontlik.

**Maar dit het geblyk dat verskil in erfreg en verskil in aanleg ens. onvermydelik verskille in rykdom veroorsaak het waardeur die gelykheid voor die howe en die gelykheid van stem nutteloos was vir die armeres, as beskerming teen die uitbuiting deur die rykeres.**

Daarom het die kommunisme probeer om in elk geval die gelykheid te verseker deur almal te beroof van privaat eiendom en die vryheid van almal oor te lewer aan 'n algemene staatsdiktatuur.

Maar spoedig het dit geblyk dat onder hierdie stelsel nie alleen die vryheid prysgegee is nie, maar ook die gelykheid nie verseker is nie, aangesien in die staatskapitalisme wat hierdeur ontstaan het, die staatsamptenare en meer bedrewe arbeiders onbeperk oor die massa gedomineer het en die meeste voordele verkry het.

### O.B. SE OPLOSSING

**Uit hierdie moeilikheid soek die Ossewabrandwag nou 'n oplossing deur die hele valse grondgedagte van vryheid deur gelykheid prys te gee. Daarvoor stel ons volgens die wette van God, van die natuur en die geskiedenis in die plek die grondgedagte van vryheid deur geregtigheid. D.w.s. dat die mens vrygemaak moet word en dus ook stoflik welvarend deur eerbiediging van die wetmatige verskille onder die mense en die wetmatige saamhorighede, sodat elke mens sy eie plek in sy bepaalde verband kan volstaan.**

Hierdie verband is rasmatig, nasionaal en sosiaal: dit lê vas in die bloed, die geskiedenis en die aard van menslike saamlewing. **Terwyl kapitalisme beteken bandelose vryheid tot selfverryking of selfverarming, en kommunisme of staatskapitalisme beteken algemene gelykheid deur massa-slawerny, eis ons algemene vryheid tot volle selfontwikkeling volgens eie aard en aanleg en tot gelyke diens volgens eie vermoë aan die gemeenskap en die volk.**

Die enkele persoon moet beskikking hê oor rykdom om sy eie persoonlikheid te kan ontwikkel en sy eie taak te kan vervul, maar die volkomenheid van daardie selfontwikkeling en roepingsvervulling word verkry deur diens aan sy gemeenskap en sy volk in die algemene verband van die mensheid.

### LAPMIDDELS

Hierdie opvatting is nie kapitalisme en ook nie kommunisme nie. Maar dit is ook iets anders as die sogenaamde demokratiese sosialisme, wat 'n halfslagtige tussenvorm is tussen kapitalisme en kommunisme. Genoemde rigting wat nou in die Engelse wêreld die oorhand begin verkry, probeer die kapitalisme handhaaf deur dit meer demokraties of gesosialiseerd te maak. **Die beginsel bly dieselfde, maar die ergste euwels word teengewerk deur staatsbeheer, staatsbedrywe en staatkundige bestaansbeveiliging wat insluit hoë belasting van die meer vermoëndes.**

**Ons egter wil die beginsel self verander, want anders voorsien ons dat alle lapmiddels maar net die oorgang vorm tot die kommunistiese revolusie. Dit is ons groot verskilpunt op ekonomiese gebied met die bestaande partye en op hierdie punt stem ons saam met die s.g. nasionaalsosialiste of fasciste of watter vreemde naam ook al vir hierdie rigting gebruik mag word.**

Hierdie nuwe beginsel beteken nie soos die oue dat eers volle vryheid gegee word en dat agter..a weer lapmiddels of dwangmiddels toegepas moet word om gelykheid te verseker nie, maar die beginsel self is dié van wetmatig beperkte vryheid, van wetmatig verskillende gelykheid.

### OUE EN NUWE

Die ou ekonomie het geleer dat daar vier bronne van produksie is: grond, arbeid, kapitaal en onderneming of organisasie; dat elkeen vrylik uit daardie bronne mag put na vermoë tot eie voordeel en dat deur die daaruit ontstane vraag na en aanbod van die produksie-kragte en die produkte die opbrengs wetmatig verdeel wor.. aan die deelnemers in die produksieproses in die vorm van grondrente, arbeidsloon, kapitaalrente en ondernemerswins. Die gelykheid word dan vanself verseker deurdat die swakkes uitsak en vervang en verskuif word, en verder word dit deur die staat aangeplak of afgedwing.

**Ons nuwe ekonomie leer dat so ver dit die mens betref, arbeid die enigste bron van welvaart is, dat dit tegelyk vry en verplig is vir elkeen, dat dit tegelyk verskillend en gelyk is vir elkeen, dat dit terselfdertyd 'n middel is om die eie self te verwesenlik en om die gemeenskap en God te dien, in gesin, kerk, bedryf, volk en staat.**

**Alle produsente en verbruikers is dus arbeiders en die produksie-arbeid moet planmatig gerig word op die konsumpsie-behoefte. Maar die arbeid is verskillend volgens aanleg en bedryf en posisie in die bedryf en sy loon is verskillend volgens prestasie en behoefte en posisie.**

### EENHEID

Die arbeid is bodembewarend, kapitaalopbouend, ondernemend, organiserend, produserend en distribuerend in onderlinge aanvulling, en die ewewig word verseker deurdat elk sy plek soek in sy beroep, deurdat die beroep sy lede reguleer en deurdat die volk van staatsweë die beroepslede en die beroepe rig volgens 'n algemene nasionale en sosiale plan tot al hoër ontwikkeling van die volkswelvaart, deur roepingsvervulling en selfverwesenliking volgens die roeping van elke beroep en aanleg van elke persoon.

Dit is 'n nuwe beginsel en vereis 'n nuwe gees: die gees nie van elke man vir homself of elke man vir die gemeenskap of die staat nie, maar van elk vir almal en almal vir elkeen tegelyk, en almal en elkeen vir God.

(Vervolg op bl. 6, kol. 4)

Verskillende tipes van strykdoeke moet vir verskillende weefstowwe gebruik word: swaar katoenstof vir dik wolmateriale; kaasdoek vir dun wolstowwe en sommige dik kunssystowwe, sagte papier, effens klamgemaak met 'n nat doek, vir dun sy en kunssy.

ROELOU BARRY
(EDMS.) BPK.
—o—
GARAGES EN HANDELAARS
—o—
Vir Diens te:
Robertson — Montagu
Ashton — Bonnievale
Laingsburg — Koebergweg, Brooklyn

SPRINGBOK MEUBELS
*Die HUIS en KANTOOR MEUBELEERDERS*
Ons bied aan Meubels van Kwaliteit teen billike pryse.
BESOEK ONS OF SKRYF OM BESONDERHEDE.
*Victoriaweg 171*
*WOODSTOCK.*
Takbesigheid:
Jan Phillipsgebou, Lady-Greystraat, PAARL.
Foon 929.

*£1000 vir u Oë*
Sekerlik nie — Gee hulle dan die geringe aandag wat hulle toekom.
DUWAS
*Die Antiseptiese en Helende Oogwas. — 5/- posvry.*
'n Spesialiteit se Voorskrif vir moegheid, branderigheid, spanning, rooiheid, inflammasie, waterigheid en gevoeligheid van die oë vir skerp lig en stof.
Van alle Apteke, of direk van
DIE VOORTREKKER-APTEEK
KERKLAAN, ADDERLEYSTRAAT, KAAPSTAD, (Bus 2760).
MAITLANDSTRAAT 37A, BLOEMFONTEIN, (Bus 765).




„Onthou u vir Van der Merwe?"

„O! ja!......hy het geluk gehad — een van die Afdelingsbestuurders is plotseling oorlede en hy is in die betrekking ingeskuif."

Hoe dikwels hoor u nie so 'n opmerking nie? Taamlik dikwels — dit wil voorkom asof die meeste welvarende manne hulle sukses aan die grillige noodlot te danke het. Maar gaan maar op sulke suksesvolle manne se loopbane in — een ding staan in elke geval as 'n paal bo water — dit is nie geluk of geniale aanleg of begiftiging deur 'n ryk bloedverwant nie, dit is OPLEIDING. Dit was die geval met Van der Merwe — die vermoë om vooruit te sien, opleiding, kwalifikasie — hy was gereed toe die kans gekom het. U weet nooit wanneer u groot kans gaan kom nie maar u kan nou begin om seker te maak dat u dit sal kan uitbuit wanneer dit kom — soos dit vroeër of later moet kom. U kan die weg van sukses volg wat deur honderde studente van T.A.K.K. betree is wat vandag invloedryke en goed besoldigde betrekkings beklee.

T.A.K.K. se korrespondensiekursusse is sowel leersaam as boeiend. Hulle bied volledige opleiding wat op die hoogte van die tyd is, in 250 vakke aan en staan onder die gedurige sorg van ten volle gekwalifiseerde voltydse en deeltydse lektore met 'n universitêre opleiding.

*Skryf om PROSPEKTUS en VRY advies vir toekomsplanne.*

TRANSAFRIKAANSE KORRESPONDENSIEKOLLEGES (EIENS) BPK.

Departement O.B.,
Bus 640,
PRETORIA.

waarby ingelyf is Universiteits-Korrespondensiekursusse (Edms.) Bpk., Pretoria en Helpmekaar-Korrespondensiekollege T.O., Johannesburg.

